Notule van Ledevergadering gehou te Impala Klubhuis

Minutes of Member meeting held at the Impala Club House

On/op **9 April 2019 om 18:00**

---

| | | |
|---|---|---|
| 1. | STAANDE PUNTE VIR BESPREKING / STANDING ISSUES FOR DISCUSSION | |
| | Besprekingspunt / Point for Discussion | Deur/by |
| 1.1 | Opening en verwelkoming / Opening and welcoming<br>Andre open met gebed. | Voorsitter |
| 1.2 | Voorlees van Doelstellings<br>Oudergewoonte word die lede versoek om dit te gaan oplees op ons amptelike webblad. | |
| 1.3 | Verskonings / Apologies<br>Word gesirkuleer as deel van die bywonings lys [agterste blad]. Lede word verosek om die name van lede wat verskoning aanbied op die lys in te vul. | |
| 1.4 | Presensielys / Attendance List<br>Sirkuleer | |
| 1.5 | Mosies / Motions<br>Geen | |
| 1.6 | Korrespondensie / Correspondence<br>1.6.1 SAGA Snippets gesirkuleer. Mees resente dokumente kyk na die vernietiging van ingediende wapens.<br>1.6.2 Brief van Corrie Nel<br><br>Beste Lourens,<br><br>My vrou het eintlik aan hierdie idee gedink en ek wil bietjie daarop uitbrei:<br><br>1 Daar is baie van ons lede wat wapens het wat hulle nie meer wil hê nie, maar kan dit vir goeie pryse verkoop nie. Die wapenwinkels koop slegs die beste, en dan vir weggee-pryse. Die internet is ook vol van wapens wat nie maklik verkoop word nie.<br><br>2 Die enigste alternatief om daarvan ontslae te raak, is om dit deur die SAP te laat “vernietig”.<br><br>3 Daarteenoor is daar dalk van ons mense wat spesifiek daardie of soortgelyke wapens wil hê, maar nie die geld het om dit te koop nie. Ek dink hier veral aan mense wat wil begin jag of skiet en wat bereid sal wees om met ‘n “intree-wapen” te begin; miskien een wat nou net in ‘n meer ervare lid se kluis staan.<br><br>4 Kan ons nie deur die vereniging (se webblad) sulke wapens gratis beskikbaar stel aan verdienstelike gevalle nie? As ‘n persoon ‘n lid is wat bereid is om die moeite te doen vir sy bevoegdheid en ook die lisensie-aansoek, dink ek hy sal kwalifiseer.<br><br>5 As mens hierop wil uitbrei, kan ons seker op ons webblad ‘n koop en verkoop platform begin. Ek vermoed die praktiese skiet-mense het so ‘n groep, maar ons kan seker ook? Ek het bv. ‘n klompie goeie 30-06 doppe en ‘n hele paar ander goed wat ek van die hand wil sit. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Kan ons by die volgende vergadering dalk die mense se gevoel toets? Ek skryf nou vanaand (my BJV-vergaderingaand) want volgende week het ek 'n ander verpligting en sal die vergadering nie kan bywoon nie.<br><br>Ek verneem graag.<br><br>Groete<br><br><br><br>1.6.3 CHASA HUB<br><br>Debbie het die skrywe gesirkuleer na alle lede. Hulle word versoek om dit te lees. | |
| 1.7 | Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting<br>1.7.1 Notule 5 February 2019 / Minutes 5 February 2019<br>1.7.2 Regstellings: vorige notule / Corrections: previous minutes<br>Daar word van lede verwag om enige korreksies per e-pos aan die Voorsitter deur te gee aangesien die notule nie voorgehou en gelees gaan word tydens maand vergaderings nie.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring / Proposed for approval<br>Dennis Traynor<br>1.7.4 Gesekondeer / Seconded<br>Lourens | |
| 1.8 | Vasstelling van die sakelys – nuwe sake vir bespreking<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Staande item, waar lede weereens herinner word om vroegtydig aandag te gee aan hulle wetlike verpligtinge rakende hernuwings van vuurwapen lisensies.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Staande item met dieselfde fokus as 1.8.1<br><br>1.8.3 Rondomtalie formaat / 14 September 2019 **[nie vir bespreking, slegs vir kennisname aan lede]**<br>Die formaat vir die Rondomtalie is tydens die Bestuursvergadering op 13 Maart 2019. Tydens hierdie vergadering is daar ook besluit dat die formaat van die Rondomtalie grootliks [maar nie in geheel] op die CHASA dissiplines gefokus sal wees. Dus sal die formaat met min/geen verandering van jaar tot jaar aangebied word.<br><br>**Senterslag:** CHASA 20 skoot Sportskiet tabel **[punt uit 600]**<br>**Randslag:** 22LR 20 skoot CHASA Sportskiet tabel **[punt uit 600]**<br>**Haelgeweer:** SA Sportjag formaat **[punt uit 200]**<br>**Windbuks:** 10 skote oor 10 m. Vyf skote op die ghonge en 5 skote op n papier teiken [verkielik veerwild teikens] **[punt uit 100]**<br>**Handwapen:** 10 skote in totaal. Slegs 9 mmP en groter kalibers. Twee strings gaan geskiet word. String 1: 5 skote op 5 ghone/plate [wat nie groter as 8" in diameter sal wees nie] oor 10m met n tyds beperking van 8 sekondes. Die plaat moet val om te tel [20 punte per plaat wat val]. Indien die plaat steeds staande is na die skoot [al het die skoot dit hoorbaar getref] sal 'n nul punt toegeken word. String 2: 5 skote oor 15 m op n papier teiken [IDPA goedgekeur] met n tydsbeperking van 8 sekondes. In beide strings sal die begin posisie soortgelyk aan die "guns on the rail" van PINS wees net in ons geval sal dit vanaf n drom wees. String 2 [IDPA teiken], se punte toekenning sal as volg wees: zero down | |

| | | |
|---|---|---|
| | [die sirkel in die middel, 20 punte per skoot], “one down” zone sal 15 punte per skoot verdien, en die “three down” sal slegs 10 punte per skoot verdien. Enige ander skote wat buite die amptelike “scoring zones” val sal n nul punt ontvang **[punte telling uit 200].**<br>**Big bore:** sal volgens die CHASA formaat geskiet word. Hierdie inligting sal amptelik aan lede deurgegee word sodra ons die inligting van CHASA ontvang **[punte telling uit 100].** Skuts moet hierdie afdeling met erkende groot wild kalibers skiet, die minimum kaliber sal dus 9.3x62 wees. Die enigste uitsondering is laerskool kinders wat met enige senterslag geweer groter as 222 sal kan deelneem.<br>Rondomtalie kategorie wenners sal dus die kandidate wees met die hoogste punt uit 1800.<br><br>Pryse gaan in die volgende kategoriee toegeken word:<br>Dames: plekke 1 tot 3 [dus 3 pryse]<br>Mans: plekke 1 tot 3 [dus 3 pryse]<br>Junior meisies: plekke 1 tot 3 vir laerskool sowel as hoërskool [dus 6 pryse]<br>Junior seuns: plekke 1 tot 3 vir laerskool sowel as hoërskool [dus 6 pryse]<br><br>Inskrywings fooi per deelnemer is R200.00 vir 2019 se Rondomtalie.<br><br>1.8.4 Vuurwapen platforms in CHASA skietdissiplines<br>Debbie het al by verskeie geleenthede die CHASA Sportskiet reels aan lede gesirkuleer. Ongelukkig blyk dit dat daar lede is wat hulle nie hieraan steur nie en dink dat dit die verantwoordelikheid van die tak bestuur is om hulle op te lei rakende die reels. Dit is en bly die verantwoordelikheid van elke skut wat aan n CHASA Sportskiet aktiwiteit wil deelneem om homself/haarself van die vereistes en reels te vergewis. Lede word wel daaraan herinner dat semi-outomatiese gewere in beide rand- sowel as senter-slag aan hierdie aktiwiteite kan deelneem. | |
| 1.9 | Sake voortspruitend / Matters arising<br>1.9.1 Skietbaan<br>Dit het onder ons aandag gekom dat van ons lede omgekrap is oor die beskikbaarheid van bane agv van ander organisasies wat bane vir Provinsiale en Nasionale Kompetisies beset. Hierdie saak is al, en sal weer tydens die vergadering van die skietbaan bestuur bespreek word. BJV lede word versoek om geduldig te wees totdat daar uitsluitsel is rondom die saak.<br><br>Wat baie belangrik is, om te besef is dat alhoewel ons sekerlik die grootste organisasie is wat die baan gebruik dat dit ons nie die beherende aandeel of mandaat gee nie. Alle organisasies wat die bane gebruik betaal dieselfde jaarfooie, dus is ons gelyke vennote en kan ons onder geen omstandighede onsself aan boelie gedrag skuldig maak of dink dat ons voorkeur behandelinmg behoort te ontvang nie. Ongeag daarvan of ons van mening is dat dit presies is wat ander organisasies doen. Daar word van alle lede van BJV verwag om hulsef met waardigheid en integriteit op te tree wanneer hulle van die fasiliteite gebruik maak.<br><br>1.9.2 Billy<br>As organisasie wil ons graag die moontlikheid ondersoek om vir Billy van n “Baan uniform” te voorsien. Dit is sodat hy meer “sigbaar” is vir besoekers. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Verder wil ons ook n kennisgewing bord by die hek opsit met sy foto en kontak besonderhede.<br>Hy het ook onlangs met my gepraat oor onwettige uithaal van punte op die walle deur persone na sononder. Hulle verinneweer die walle in die proses. Hy wil bitter graag n sterk, herlaaibare flits he om te help met sy patrolering in die aand. Voorsitter vra of daar iemand is wat kan uithelp met hierdie versoek.<br><br>1.9.3 Nuwe lede – Goedkeurings<br>Geen ontvang | |
| 1.10 | Opleidingsverslag / Training report<br>1.10.1 Chasa kursus<br>Die toegewyde sportskut opleiding is goed aan die gang. Tot op hede was die belangstelling sporadies en kon ons nie n datum vasmaak om n amptelike s aan te bied nie. Huidiglik beveel ons aan dat ons lede vir Debbie kontak, sy sal dan toesien dat die relevante opleidingsmateriaal by jou uitkom, dat die nodige gelde oorbetaal word en dat die geskrewe eksamen by ons kantore afgeneem word. Sy sal dan sodra lede die teorie gedeelte geslaag het die name vir my deurgee sodat ons kan reel vir die prakiese gedeelte [skietoefening].<br><br>1.10.2 Junior Opleiding: Jnr 1 en 2<br>Ons is baie bevoorreg dat 3 van ons junior seuns vanaf 17 tot 23 Maart die Jnr 1 en 2 kursusse bygewoon het. Baie geluk aan Johan Liebenberg, Lourens Swanepoel en Aiden Slyper. Die terugvoer wat ek ontvang het was baie positief.<br><br>1.10.3 Baan beampte opleiding<br>Opleidings datum sal deurgegee word. | |
| 1.11 | Toegewyde jagters / Dedicated hunters<br>1.11.1 Algemeen<br>Staande item waar die toegewyde jagters herinner word om hulle rekords op datum te hou.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen | |
| 1.12 | Finansiële verslag / Financial report | |
| 1.13 | Sosiaal<br>1.13.1 Algemeen<br>Uitnodiging aan die teenwoordig om na die tyd saam te kuier. Die tak dra oudergewoonte R40/lid by vir jou ete. | |
| 1.14 | Skietdae<br>1.14.1 16 Maart 2019<br>Tydens hierdie skietdag het n totaal van 41 skuts deelgeneem aan die drie fasette wat aangebied was. By die senterslag CHASA sportskiet het 20 skuts deelgeneem, 21 by die CHASA randslag en 21 by die handwapen (TYRO). Baie lekker skietdag wat oor die algemeen deur almal geniet is [miskien nie soveel deur diegene wat nie so lekker geskiet het nie!].<br><br>1.14.2 20 April 2019<br>Hierdie skietdag is op die kalender soos wat hy aan ons toegedeel is deur die | |

| | | |
|---|---|---|
| | baan bestuur. Ongelukkig blyk dit dat dit oor n langnaweek val. Daar is geen geleentheid om die na die ander naweke te skuif vanwee IPSC se kampioenskappe en Mighty Men/Huntex. Voorsitter vra die teenwoordig of ons die skietdag as sulks moet aanbied of kanseleer. Die besluit was dat ons moet bepaal of ons wel genoeg baan offisiere sou he om die skietdag aan te bied. | |
| 2. | **NUWE PUNTE VIR BESPREKING / NEW ISSUES FOR DISCUSSION** | |
| 2.1 | Trofee meet kompetisie 2019: 10 Augustus 2019<br>Hierdie is die goedgekeurde datum waarop ons tak hulle trofeemeet kompetisie gaan afhandel. | |
| 3. | **ALGEMEEN / GENERAL** | |
| 3.1 | Bestellings van 50-jarige gedenkplaatjies moet spoedig by Debbie geplaas word. | |
| 4. | **Volgende vergadering / Next meeting.** | |
| 4.1 | 7 Mei 2019 om 18:00 by die klubhuis. | |
| 5. | **Afsluiting/Closing** | |
| | | |